10 Jun
Uitgawe 2009/06/10

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (**Miga.6:8**). Die vorige teksvers omskryf 'n offerande van ramme en strome van olie, maar Miga het verstaan dat God ons harte wil hê. God begeer dat ons aan andere gee wat ons van Hom ontvang. Ons offer aan Hom ons harte; ons ervaar Sy liefde en wees bedagsaam teenoor ander. ***Vader ons gee aan U die offer wat U verlang – ons harte.***

Deurbraak : Die wêreld se grootste biduur

Global Day of Prayer op 31 Mei 2009 kan maklik beskryf word as die grootste biduur ooit! Al 220 lande (wat in die boek *Operation World* gelys is) het hierdie jaar vir die eerste keer deelgeneem. In Santiago, Chili het 1 000 Christene die koue aangedurf en by die regeringsetel gaan bid vir hul land. In Argentinië het Christene in elk van die 23 provinsies gebid op *Global Day of Prayer.* Daar is selfs plekke waar geen misdaad plaasgevind het tydens die *10-dae* van dag-en-nag gebed wat die *Global Day of Prayer* voorafgegaan het nie. Die *Global Day of Prayer* eindig nie op Pinkster Sondag nie. Dit is die begin van 'n seisoen van dienslewering en arbeid waar baie kerke hulself daarop gaan toespits om hul gemeenskappe en lande te bedien in die volgende *90 dae.* (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2009/June/Christians-Gather-for-Global-Day-of-Prayer/, 05/06/09). ***Dank die Here vir die deurbraak in al die lande van die wêreld. Bid dat die volgende 90 dae verandering sal bring wêreldwyd soos Gelowiges hulself beskikbaar stel om God se hande in die gemeenskap en stede te wees.***

Bid vir jou gemeenskap : 90 Dae van Seëning

Bid die seëning: Ps.133:1-3 *Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon! Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere. Dit is soos die dou van Hermon wat neerdaal op die berge van Sion; want daar gebied die HERE die seën, die lewe tot in ewigheid!* **Verklaring:** Ek glo en bely dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is; dat Hy die Gemeente sal bou en dat die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (**Kol.1:18; Matt.16:18**). (E-pos: cape@transformationafrica.com, 05/06/2009). ***Bid te voet: Doen 'n gebedswandel deur jou gemeenskap en bid vir elke Gemeente vir eenheid, deursettingsvermoë, groei en vir die krag van die Heilige Gees om te werk deur die gemeentelede. Maak 'n afspraak met die biskop, moderator, kardinaal, priester of senior kerk beamptes en bid vir diegene wat die Gemeente lei.***

Suid-Afrika : Tieners verkoop boeties en sussies

Tieners in die Wes-Kaap verkoop hul jonger boeties en sussies aan hul vriende vir sessies van groep seks. Kinders tussen 14 en 18 jaar nooi vriende uit na hul ouerhuise vir groep seks met hul boeties en sussies of nefies en niggies van so jonk as 11 jaar oud. Die ouer kinders gebruik die geld om 'n bydrae te lewer in hul huishoudings of om hul afhanklikheid van dwelms en alkohol te onderhou. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=&art_id=vn20090608060531118C254164, 08/06/09). ***Maak jou mond oop vir die stomme*** (**Spr.31:8**) ***en roep uit na God om kinders te verlos van die bose. Vra die Heilige Gees om jong kinders aan te kla wanneer hul verkeerd doen en dat hul in die vrees van God sal wandel. Bid dat hul sal bewe vir God se Woord en dat hul nederig voor God sal wandel*** (**Jes.66:2; Miga 6:8**).

Internasionaal : Gebedspunte vir geheime Christene

Asya (16), haar ouers en jongers broers van Irak moes gedurende die laaste ses maande meer as vyf keer verhuis. Die Christen familie word nie langer deur hul ander familielede wat Moslems is, aanvaar nie. Ander familielede wil wraak neem omdat Asya haar oom vermoor het. Sy het hom gesteek uit selfverdediging in 2006. Asya is gearresteer en veroordeel ten spyte van die feit dat sy haarself verdedig het. Sy het twee jaar tronkstraf uitgedien en was vroeg in November 2008 vrygelaat. Asya is nie vry om te gaan waar sy wil nie, omdat familielede nog steeds opsoek is na haar. Sy is geforseer om binnenshuis te bly. Sy kan nie skool bywoon nie. Dit is nie net weens die feit dat dit gevaarlik is vir haar as 'n Christen nie, maar ook omdat haar familielede wraak wil neem. (E-pos: ministryupdates@opendoors.org.za, 04/06/09). ***Bid asseblief vir die beskerming van Asya, haar ouers en broers. Bid dat hulle nie deur die ander familielede gevind sal word nie. Bid dat Asya die trauma van moord op haar oom en haar tronkstaf kan verwerk. Bid dat sy weer skool kan gaan en 'n goeie perspektief sal hê op die toekoms.***

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com